



KOMPETISIES | COMPETITIONS

Perold Absa Kaapse Versnit/Cape Blend & Pinotage Rosé



Die **Perold Absa Kaapse Versnit** kompetisie word deur die Pinotage Assosiasie gereël ter voldoening van 'n uitgesproke wens van talle van sy lede dat 'n aksie ter bevordering van 'n rooi versnitwyn, waarvan Pinotage 'n betekenisvolle komponent uitmaak, geloods word.

Die doel van die kompetisie is die jaarlikse identifisering van vyf (5) Kaapse Versnitwyne waarvan die gehalte-eienskappe so uniek onderskeidend is dat dit 'n betekenisvolle impak op die plaaslike en internasionale wynmark tot die voordeel van Suid-Afrika sou kon hê.

Die Assosiasie wil graag sy dank uitspreek teenoor KWV wat goedgunstig die gebruik van die naam "Perold" aan die kompetisie toegestaan het.

Die **Pinotage Rosé-kompetisie** vind in samewerking met die Perold Absa Kaapse Versnit kompetisie plaas. Hierdie kompetisie fokus op die verskillende uitdrukkings van Pinotage wat die visie herhaal om verskillende style op te neem en te ondersteun.

Absa is trots om deur middel van 'n borgskap met hierdie uniek Suid-Afrikaanse kompetisies verbind te wees.

The **Perold Absa Cape Blend** competition is organised by the Pinotage Association to fulfil the wish of several members to launch a competition for the advancement and promotion of a blended red wine of which Pinotage constitutes a significant component.

The aim of the competition is the identification of five (5) Cape Blend wines annually of which the quality characteristics are so uniquely distinctive that it could have a meaningful impact on the international wine market to the benefit of South Africa.

The Association would like to thank KWV for kindly allowing the use of the name, "Perold" for the competition.

The **Pinotage Rosé competition** will take place in conjunction with the Perold Absa Cape Blend competition. This competition focuses on the different expressions of Pinotage reiterating the vision to incorporate and support various styles.

Absa is proud to be involved with these uniquely South African competitions through their sponsorship.

Belangrike datums | important dates

22 Jul 2021	Sluitingsdatum vir inskrywings Closing date for entries
6 Aug 2021	Sluitingsdatum vir laat inskrywings Closing date for late entries
6 Aug 2021	Aflewering van monsters Delivery of samples
24 Aug 2021	Beoordeling van wyne Judging of wines
28 Sept 2021	Bekendmaking van uitslae Announcement of awards

Kontak ons | Contact us



For entries: entries@pinotage.co.za | www.pinotage.co.za > competitions

T: 021 863 1599

Suite 151, Privaatsak X3041, Paarl 7620 | Stasiestraat 5C, Suider-Paarl 7646

REËLS & REGULASIES

RULES & REGULATIONS

1. Vereistes vir deelname

1.1 Wyn

Klas 1 – Kaapse versnitwyn

Enige wyn kan ingeskryf word, mits dit 'n droë rooiwyn is wat as 'n versnit van Pinotage (minstens 30%, maar op die meeste 70%) en enige ander kultivar of kombinasie van kultivars bemark sal word.

Pinotage moet die grootste % (persentasie) van die versnit uitmaak, bv. Pinotage 60% en Shiraz 40%.

Klas 2 – Rosé wyn

Wyn moet as Pinotage Rosé gesertifiseer wees.

1.2 Volumevereistes

Minstens **300** bottels (225 liter) van die wyn (Kaapse versnit en Rosé) moet teen **22 Julie 2021** gebottel wees en moet tot met die bekendstellingsfunksie op **28 September 2021** vir verkoop beskikbaar wees.

1.3 Daar is geen beperking op die getal wyne wat ingeskryf word nie.

1.4 Indien dieselfde wyn onder verskillende etikette bemark word, mag dit slegs onder een van daardie etikette ingeskryf word.

1.5 Indien meer as een Kaapse versnitwyn van dieselfde handelsnaam as 'n finaliswyn aangewys word, sal slegs die een waaraan die meeste punte toegeken is, vir aanwysing as een van die wenwyne kwalifiseer.

2. Inskrywings

2.1 Inskrywings sluit op **Donderdag 22 Julie 2021 om 16:00**.

2.2 Laat inskrywings sal **op Vrydag 6 Aug 2021 tot 12:00** teen 'n verhoogde fooi (sien punt 3.2) aanvaar word .

2.3 Voltooide inskrywingsvorms moet ingedien word by die Pinotage Assosiasie, vir aandag me Surita van der Westhuyzen, voor genoemde datum en tyd.
(NOTA: Hou 'n afskrif vir u rekords).

POS: Suite 151, Privaatsak X3041, Paarl 7620

PER HAND: Elpro, Stasiestraat 5c, Suider-Paarl

E-POS: entries@pinotage.co.za

TEL: 021 863 1599

2.4 Elke inskrywingsvorm moet vergesel wees van:

- 'n WSR 2A- en 4A-sertifikaat onderskeidelik.
- 'n Wynontledingsertifikaat (WSR 2A).
- Etikette of afskrifte van etikette van elke wyn.

3. Inskrywingsfooie

3.1 R600.00 + R90.00 BTW (R690.00) per wyn.

3.2 Laat-inskrywings:
R900.00 + R135.00 BTW (R1 035.00) per wyn.

3.3 **Inskrywings sal slegs aanvaar word indien die bewys van betaling aangeheg is.**

1. Requirements for participation

1.1 Wines

Class 1 – Cape Blend wine

Any wine may be entered, provided it is a dry red wine that is to be marketed as a blend of Pinotage (at least 30%, but not more than 70%) and any other cultivar or combination of cultivars.

Pinotage should make out the biggest % (percentage) of the blend, e.g. Pinotage 60% and Shiraz 40%.

Class 2 – Rosé wine

Wine must be certified as Pinotage Rosé.

1.2 Volume requirements

At least **300 bottles (225 litres)** of the wine (Cape Blend and Rosé) must be bottled by **22 July 2021** and must be available for sale until the awards ceremony on **28 September 2021**.

1.3 There is no restriction on the number of wines that a person may enter.

1.4 If the same wine is marketed under different labels it may only be entered under one of those labels.

1.5 If more than one wine with the same brand name is selected as a finalist wine, only the wine to which the highest score was awarded, will qualify for designation as one of the winning wines.

2. Entries

2.1 Entries close on **Thursday 22 July 2021 at 16:00**.

2.2 Late entries will be accepted **on Friday 6 Aug 2021 until 12:00** at an increased fee (see point 3.2).

2.3 Completed entry forms must be submitted to the Pinotage Association, for attention Surita van der Westhuyzen, before the closing date and time.
(NOTE: Keep a copy for your records)

POST: Suite 151, Private Bag X3041, Paarl 7620

BY HAND: Elpro, 5c Station Street, Southern Paarl

E-MAIL: entries@pinotage.co.za

TEL: 021 863 1599

2.4 Each entry form must be accompanied by:

- A WSR 2A- and 4A certificate, irrespectively.
- A wine analysis certificate (WSR 2A).
- Labels or copies of labels of each wine.

3. Entry fees

3.1 R600.00 + R90.00 VAT (R690.00) per wine

3.2 Late entries
R900.00 + R135.00 VAT (R1 035.00) per wine

3.3 **Entries will only be accepted if the proof of payment is attached.**

3.4	Die inskrywingsfooi is onder geen omstandighede terugbetaalbaar nie.
3.5	'n Belastingfaktuur sal uitgereik word. Die bankbesonderhede is soos volg: Rekeningnaam: Pinotage Assosiasie Bank: Absa Stellenbosch Takkode: 334 410 Rekeningnommer: 410216949
4.	Wynmonsters
4.1	Drie (3) 750 ml bottels van elke wyn wat ingeskryf is en wat willekeurig uit die gebottelde voorraad geneem is, word vir beoordeling benodig.
4.2	Indien 'n wyn nog nie finaal geëtiketteer is nie, moet 'n plakker waarop die volgende besonderhede in duidelik leesbare letters en syfers aangedui is, op die bottel aangebring word:
	<ul style="list-style-type: none"> • Die handelsnaam waaronder die wyn verkoop word of sal word. • 'n Aanduiding van die oesjaar, oorsprong en kultivarsamestelling soos dit op die betrokke etikette verskyn.
4.3	'n Etiket of plaketiket, waarna in paragraaf 4.2 verwys word, moet op 'n opsigtelike plek aan die buitekant van die karton geheg wees.
4.4	Elke inskrywing se drie bottel-monster moet in 'n gesikte drie-bottel karton verpak word.
4.5	Monsters moet by Elpro stoor, Louwslaan 12D , Suider-Paarl afgelewer word en sal slegs op Vrydag 6 Augustus 2021 tussen 09:00 en 16:00 ontvang word.
4.6	Geen monsters sal op n ander dag/datum aanvaar word nie tensy reëlings vir aflewing vooraf getref is.

5. Beoordeling en toekenningsfunksie

- 5.1 Beoordeling vind op **24 Augustus 2021** plaas.
- 5.2 Indien daar tydens die beoordeling gevind word dat twee van die bottels van 'n monster 'n kurkfout of ander ongewenste organoleptiese eienskap openbaar, sal daardie wyn van deelname aan die kompetisie onttrek word.
- 5.3 Indien enige van die wyne tekens van mikrobiologiese aktiwiteit toon nadat dit deur 'n geakkrediteerde laboratorium getoets is, sal dit van deelname aan die kompetisie onttrek word.
- 5.4 Die wenwyne sal op **28 September 2021** bekend gemaak word. Daar word van die wynmakers van die finalistwyne verwag om die funksie by te woon om hulle toekennings persoonlik te ontvang.

6. Verpligtinge van produsente van finalist-/wenwyne

- 6.1 Finalistwyne
Finaliste moet elkeen **24** volledig geëtiketteerde 750 ml bottels daarvan **gratis aan die Pinotage Assosiasie beskikbaar stel vir gebruik by die toekenningsfunksie, promosies en vir die Assosiasie se argief.**
- Rosé finaliste moet elkeen ses (**6**) volledig geëtiketteerde 750 ml bottels daarvan gratis aan die Pinotage Assosiasie beskikbaar stel vir gebruik by die toekenningsfunksie.

3.4	The entry fee is under no circumstances refundable.
3.5	A VAT invoice will be issued. The bank details are as follows: Account name: Pinotage Association Bank: Absa Stellenbosch Branch code: 334 410 Account No.: 410216949
4.	Wine samples
4.1	Three (3) 750 ml bottles of each wine which is entered and which was drawn at random from the bottled stock, is required for judging.
4.2	If a wine has not been finally labelled, a sticker on which the following details are indicated in clearly legible letters and figures, must be affixed to the bottle: <ul style="list-style-type: none"> • The brand name under which the wine is sold or is to be sold. • An indication of the vintage, origin and cultivar composition of the wine as they appear on the labels concerned.
4.3	A label or the sticker label referred to in paragraph 4.2 must be affixed at a conspicuous place on the outside of the carton.
4.4	Each entry's three bottles sample must be packed in a suitable three-bottle carton
4.5	Wine samples must be delivered at the Elpro store, 12D Louws Avenue , Southern Paarl and will only be accepted on Friday 6 August 2021 between 09:00 and 16:00 .
4.6	No samples will be accepted on any other day/date unless arrangements for delivery have been made beforehand.
5.	Judging and awards function
5.1	The judging will take place on 24 August 2021 .
5.2	If it is found during the evaluation that two of the bottles of a sample of a wine reveal a cork defect or other undesirable organoleptic character that wine will be withdrawn from participation in the competition.
5.3	If any of the wines shows signs of microbiological activity after having been tested by an accredited laboratory, that wine will be withdrawn from participation in the competition.
5.4	The winning wines will be announced on 28 September 2021 . The winemakers of the finalist wines are required to attend the function to receive their awards in person.
6.	Obligations of producers of finalist-/winning wines
6.1	Finalists Finalists must each provide 24 fully labelled 750 ml bottles free of charge to the Pinotage Association for use at the awards function, promotions and for the Association's archive.
	Rosé finalists must each provide six (6) fully labelled 750 ml bottles free of charge to the Pinotage Association for use at the awards function.

6.2	Wenwyne
6.2.1	Wenwyne mag nie verkoop word sonder die Perold Kaapse versnit seëls nie. Hierdie seëls sal teen nominale koste beskikbaar gestel word.
6.2.2	Wenners moet 84 volledig geëtikkeerde bottels lewer: <ul style="list-style-type: none"> • 24 bottels aan die Pinotage Assosiasie en Absa vir gebruik by Cape Blend promosies en funksies. • 60 bottels aan WOM-klub vir herverkoop. <ul style="list-style-type: none"> ○ Hoeveelhede moet binne 10 dae na versoek vry van afleweringskoste gelewer word, soos nodig. ○ Wyn moet teen die huidige handelsprys, soos in die inskrywingsvorm aangedui, gelewer word. 'n Korting van 10% moet op die handelsprys toegestaan word. • Die betaling sal binne 60 dae na die faktuurdatum gemaak word. • Indien hierdie voorraad (of 'n gedeelte daarvan) nie teen 31 Desember 2021 opgeneem is nie, kan die produsent die wyn verkoop.
6.3	Indien 'n produsent weier of versuim om aan bogenoemde vereistes te voldoen, kan die Pinotage Assosiasie benewens enige ander stappe wat dit mag neem, die betrokke produsent van deelname aan toekomstige Perold Absa Kaapse versnit kompetisies uitsluit vir sodanige tydperk as wat die Assosiasie sou goeddunk.

7. Algemeen

7.1	Die organiseerders behou die reg voor om voorrade deur middel van fisiese inspeksies te kontroleer en kan dokumentêre bewys vereis dat die voorraad op hande nie aan 'n koper toegeken is nie.
7.2	Nog die Pinotage Assosiasie, sy lede of Bestuur, nog die borg van hierdie kompetisie, sal op enige wyse hoegenaamd aanspreeklik wees vir enige vrugtelose uitgawe, verlies of skade van watter aard ookal, van 'n deelnemer wat uit deelname aan hierdie kompetisie voortspruit.
7.3	Die uitslae van hierdie kompetisie soos deur die Pinotage Assosiasie bekend gemaak, is finaal en bindend. Nog die Pinotage Assosiasie, nog die borg, sal op enige wyse hoegenaamd betrokke raak by enige <i>ex post facto</i> korrespondensie of ander beredenerings nadat die uitslae bekend gemaak is.

6.2	Winning wines
6.2.1	Winning wines may not be sold without the Perold Absa Cape Blend emblems. These emblems will be available at nominal cost.
6.2.2	Winners must deliver 84 fully labelled bottles: <ul style="list-style-type: none"> • 24 bottles to the Pinotage Association and Absa for use at Cape Blend promotions and functions. • 60 bottles to WOM club for resale <ul style="list-style-type: none"> ○ Wines must be delivered within 10 days of request free of delivery charge, as necessary. ○ Wines must be delivered at the current trade price as indicated in the entry form. A discount of 10% must be allowed on the trade price. • The payment will be made within 60 days of the invoice date. • Should the stock (or portion thereof) not be taken up by 31 December 2021, the producer may sell the wine.

6.3	If a producer refuses or fails to comply to abovementioned requests, the Pinotage Association may, in addition to any other actions that it may take, exclude the producer concerned from participation in future Perold Absa Cape Blend competitions for such period as the Association may determine suitable.
-----	--

7. General

7.1	The organisers reserve the right to check stocks by means of physical inspections, and may require documentary proof that the stock at hand hasn't already been contracted.
7.2	Neither the Pinotage Association, its members or Management, nor the sponsor of this competition, will in any manner whatsoever be accountable for any fruitless expenditure, loss or damage of whatever nature, of a participant as a result of participation in this competition.
7.3	The result of this competition as announced by the Pinotage Association will be final and binding. Neither the Pinotage Association, nor the sponsor, will in any manner whatsoever become involved in any <i>ex post facto</i> deliberation after the result has been announced.
